# Hoop (27-10-2024)

Alle mense het probleme en ons almal soek na hoop. Hoop is ‘n ander situasie wat ons huidige situasie sal verbeter.

- As ek net die plaas erf, sal my finansiële probleme opgelos wees.
- As die operasie ‘n sukses is, sal my gesondheidsprobleem op ‘n einde wees.

Daar is egter baie onaangename situasies wat terminaal is:

- My geliefde is dood.
- Ek is reeds oud en vergete en wens die dae om.
- Ek is jonk en staan aan die begin van my lewe, maar daar is geen toekoms nie.
- Ek is gebreklik en elke dag is ‘n worsteling.
- Ek het die hoogste sport in die lewe bereik en uitgevind dat dit toe waarlik ‘n gejaag na wind was.

***Psalm*** *39:6-8  Kyk, U het my dae ‘n paar handbreedtes gemaak, en my leeftyd is soos niks voor U nie; ja, as pure nietigheid staan elke mens daar! Sela.  (7)  Waarlik, die mens wandel as skadubeeld rond; ja, hulle woel verniet; hulle stapel op en weet nie wie dit sal insamel nie.  (8)  En nou, wat verwag ek, o Here? My hoop is op U.*

Wat beteken dit as ons sê ons hoop is op Hom? Hoe gaan dit my situasie verander? As ek dan blind is, is my hoop op Hom om te kan sien? As ek arm en ellendig is, is my hoop op Hom om in beter omstandighede te kan wees? As ek my geliefde deur die dood verloor het, is my hoop dat my geliefde uit die dood uit opgewek gaan word?

Die antwoord is “ja”, op al ons moeilike situasies. Hy is die een wat enige situasie kan verander. Terwyl ons egter nog in hierdie tydelike liggaam is, is ons blootgestel aan die omstandighede van hierdie vervloekte wêreld, maar ons word deur ons God gewaarborg dat dit nie vir altyd sal aanhou nie en dat Hy dit met sy wederkoms gaan verander.

***Exodus*** *3:7-8  En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte. (8)  Daarom het Ek neergedaal om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na ‘n goeie en wye land, na ‘n land wat oorloop van melk en heuning, na die woonplek van die Kanaäniete en Hetiete en Amoriete en Feresiete en Hewiete en Jebusiete.*

***Johannes*** *16:33  Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.*

Omdat hierdie wêreld waarin ons lewe deur God vervloek was en die heerskappy van Adam verlore gegaan het en deur die Satan opgeneem is, is dit ‘n moeilike lewe vol probleme en hartseer.

Daar is egter verlossing van dit alles deur God wat ons daarvan gaan verlos en dit is ons hoop. Hoewel die mens die kroon van die skepping was, het die mens saam met die skepping verval in ‘n lewe van moeite en verdriet, maar Yahshua se roeping is om ons siele te red van die hel, maar ook ons slegte situasies te verander na sy heerlikheid.

Wanneer ons bely dat ons hoop op Hom is, is dit nie kanseltaal of mooi woorde nie, maar dit is waarlik ons hoop vir die toekoms. Die van ons wat weer gebore is, het hulle met God versoen en sal in sy Koninkryk van heerlikheid ingaan.

Om die hoop deelagtig te kan word, is egter voorwaardelik:

***Johannes** 3:3-7 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. (4) Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan ‘n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie ‘n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? (5) Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. (6) Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. (7) Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie.*

Na ons dood, of na Yahshua se wederkoms, gaan ons as mens na twee verskillende bestemmings. Hulle wat nie nog ‘n keer gebore was nie, sal as gevolg van hulle sonde verlore gaan en die slegte aardse omstandighede sal dan voel of dit hemels was. Die wat wel weer ‘n keer gebore was, sal in die volmaakte Koninkryk van God ingaan.

Ons hoop op God is nie net alleen vir hierdie wêreld nie. Hier sal ons verdrukking hê, maar ons hoop is op Hom vir ‘n hemelse toekoms.

Waar trek ons nou op hierdie pad na hoop en wat gaan nog gebeur?

1. Ons moet ons huidige omstandighede verdra en weet dat God dit toelaat sodat ons geestelik kan groei. ***1 Petrus** 1:6-9 Daarin verheug julle jul, al word julle nou—as dit nodig is—’n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, (7) sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus; (8) vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en*

